Die NAMPO/ALFA 2020 TOTAL SA aanlyn-wildprogram.

NAMPO/ALFA poog om al die vee-produksiespesies wat onder die veeverbeteringswet geregistreer is, by die program in te sluit. Na die toevoeging van wild tot die wet, is ‘n wildprogram by ALFA 2019 geloods. ‘n Wildboerdery mini-ekspo is verlede jaar aangebied wat baie goed deur die veegemeenskap ontvang is. Daar was ‘n omvangryke uitstalling om wildboerdery aan veeboere bekend te stel wat oa ook die uitstalling van lewendige wild (2 Swartwitpens bulle), ingesluit het. Daar is ook ‘n reeks werkswinkels aangebied oor verskillende onderwerpe van wildboerdery. Met die skuif van ALFA na Nampo park, is daar uitgesien om hierop te bou.

2020 het egter uitdagings kom stel aan hoe ons doen wat ons doen, maar ook geleenthede gebied wat ons andersins sou mis! Dit geld ook vir ons wildprogram by NAMPO/ALFA 2020. Die aanbieding van die geleentheid op 24-26 September 2020 te Nampopark is amptelik op 1 Julie 2020 weens die Covid-19 regulasies gekanseleer.

Daar is ook op hierdie stadium geen moontlikeid dat die geleentheid uitgestel sal word tot ‘n latere datum nie. Al die projekte van NAMPO/ALFA 2020 sal dus in ‘n aanlyn formaat aangebied word en, hoewel ons dit gaan mis om almal op Nampopark te verwelkom, voeg die aanlyn formaat ‘n nuwe dimensie tot die projekte toe.

NAMPO/ALFA werk saam met Agri Gauteng om hierdie jaar se wildprogram in ‘n aanlynformaat moontlik te maak. Al die webinaars word op Agri Gauteng se Agri kanaal, wat deur DigiTV ondersteun word, uitgesaai. Die uitsendings sal op die DigiTV platform beskikbaar wees vir die volgende 2 jaar.
Op hierdie manier word ‘n nasionale gehoor bereik. Die ALFA databasis, die Agri Gauteng ledelys en die bestaande wild databasis skep ‘n groot, en gefokusde gehoor wat aan die Wildweek kan deelneem.

Nogmaals baie dankie aan al die borge wat hierdie program moontlik maak:

- TOTAL SA naamborg van die wildweek
- Agri Gauteng se Agri-kanaal wat as handteering van die aanlyn uitsendings handteer
- WRSA wat as borg en bedryfs-venoot optree
- Deli Spices, Afrivet, Chemvet, SATIB en RCL wat as sessieborge optree
- Wildswinkel wat die veiling handteer

Dit spreek van maatskapye en organisasies wat ‘n werklike verbintenis tot die bedryf het en nie net “mooiweers-vriende” in goeie tye is nie. Daarom verdien hierdie maatskapye en organisasies die wildbedryf se ondersteuning.

Hier volg die wildprogram vir NAMPO/ALFA 2020. Hierdie datums is redelik finaal en enige veranderinge sal onmiddelik gekommunikeer word.

Johan Kotzé is die koördineerder van die program en kan gekontak word by 082 897 4644 of per epos by djkpos@gmail.com.
Besoek ook die Nampo/ALFA Facebookblad en webblad vir verder inligting.

WILDPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

DATUM/ TYD	WEBINAAR	BORGE:	SPREKERS	BESKRYWING *(d.i. na verwagting ... verkose ,,kundige" Spreker vertrek vanaf gegewe riglyn)*
9 Nov 09h00- 09h30	Die rol van tegnologie in die bemarking van wild • Opening van jagpakket-veiling	Wildswinkel	• Victor Matfield	'n Bespreking van die rol van tegnologie in die aanbied van die wildveiling van die toekoms. Die opening van die aanlyn-jagpaket veiling van Wildswinkel (9-12 Nov 2020)
9 Nov 14h00- 17h00	Benutting van Wildsvleis	Deli Spice	• Ankie Stroebel; • Wilhelmina Thirion; • Dr Francois Mellett.	Bevordering van die gewildheid van wildsvleis as gesogte eetvleis & bespreking van die potensiaal vir waardetoevoeging benewens ondermeer regulasies vir gesondheidsbestuur.
10 Nov 09h00- 12h00	Stand van die Wildbedryf	WRSA of TOTAL SA	• Gerhard Heyneke;	Sketsing van die stand van die wildbedryf en die huidige en verwagte toedrag van sake met die oog op bedryfsuitbreiding.
10 Nov 14h00- 17h00	Kritiese Suksesfaktore vir Wildboerdery	WRSA	• Dawie Roodt; • Johan Rabé; • Tebogo Mogashoa.	Bespreking van bestuursekonomiese oorwegings asook daardie kritiese suksesfaktore wat die lewensvatbare vestiging van 'n wildboerdery en uiteindelike volhoubaarheid daarvan bewerkstellig.
11 Nov 9h00- 12h00	Wildgesondheid	Afrivet	• Dr Peter Oberem; • Dr Gary Bauer.	Bespreking van die noodsaak van gesonde wildstapelbestuur, plaasgesondheidsplanne, biosekuriteit en bestuur van siektes onder wild.
11 Nov 14h00- 17h00	Gesogte wildspesies	SATIB	• Dr Johan Kriek; • Dries van Coller.	Omskryf aanbod itv spesiegeaardheid asook vraag itv huidige/ toekomstige marknisse en die gevolglike komplekse proses om die toepaslike spesies vir die wildsplaas te kies.
12 Nov 10h00- 12h00	Wildvoeding	RCL	• Pierre Marais; • Johan Mouton.	Die bestuur van voeding op die wildplaas en benutting van natuurlike weiding. Die implimenteering van veskillende voedingsstrategieë vir ekstensiewe en intensiewe stelsels vir verskillende spesies.
12 Nov 14h00- 17h00	Wildplaas-infrastuktuur	Chemvet	• Gerhard Heyneke; • Malan Davey; • Aldon Prinsloo.	Voorligting itv lesse geleer en suksesse behaal mbt die beskikbaarheid en aanwending van praktiese en koste-effektiewe infrastruktuur op die wildplaas.
12 Nov 17h00	• Afsluiting van jagpakketveiling	Wildswinkel	• Victor Matfield	Sluiting van jagpakketveiling